# Ontwerp `n Plakkaat.

**Die doel van ‘n plakkaat:**

Om ‘n boodskap vinnig en maklik en sonder baie moeite in die openbaar te versprei. Dit is ‘n effektiewe manier om groot getalle mense te bereik om sodoende geleenthede te adverteer en deelname te bevorder.

**‘n Suksesvolle plakkaat berus op die ABBA-beginsel:**

A – Die plakkaat moet die leser se AANDAG trek.

B – Die leser se BELANGSTELLING moet gewek word.

B – ‘n BEGEERTE moet by die leser geskep word.

A – ‘n Suksesvolle plakkaat sal die leser nou tot AKSIE laat oorgaan.

**Die basiese formaat van ‘n plakkaat:**

- Opskrif — Staan heel bo

  Grootste letters in die advertensie

  Trek dadelik die lesers se aandag

  Nie meer as 10 woorde nie

- Liggaam — 2 – 4 sinne wat die boodskap oordra
  Skrif grootte kleiner as die opskrif, maar steeds leesbaar
  Die hele boodskap moet in dié sinne vervat wees: Wie? Wat? Waarom? Waar? Wanneer?
  Dit moet belangstelling wek en begeerte skep

- Kontakinligting — Kontakbesonderhede van die instansie of

  Skakelpersoon:selnommer, e-posadres, ens.

  Onderaan die plakkaat

**Wenke:**

- Besluit eers wat jou boodskap is.
- Gebruik min woorde: Minder is beter!
- Die plakkaat moenie oorvol wees nie: twee derdes van die plakkaat dra die boodskap en een derde is oop.
- Wie is die teiken groep wat die boodskap moet lees?
- Die teiken groep sal jou taalgebruik (register) bepaal.

- Kies ‘n ligte agtergrond en donker skrif.
- Voeg slegs een of twee ander kleure by.
- Kies eenvoudige en leesbare skriftipes.
- Wissel skrif grootte en selfs skrif tipe.
- ‘n Mens lees normaalweg van bo na onder en links na regs, volg dit verkieslik by ‘n plakkaat ook.
- Illustrasies moet min en gepas wees, indien dit gebruik word.
- Normale taalreëls geld.

**OPDRAG (In groepe)**
**Ontwerp `n plakkaat om jou gunsteling film, boek, verhoogstuk aan die publiek bekend te stel.**
**Kyk na die onderstaande voorbeeld.**




[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Februarie 2010]

Aantal woorde: 80 – 100

Belangrik: Jy word slegs bepunt vir die woorde, nie vir illustrasies nie.

Onthou:
- Beplan eers
- Skryf ‘n eerste poging
- Redigeer en proeflees
- Maak nou die finale plakkaat

Gebruik die tabel hieronder om te beplan

| **Inhoud** | **Skryf jou beplanning hier** | **Kontrolelys (merk af)** |
|---|---|---|
| Opskrif | | Dit staan heel bo<br><br>Hoogstens 10 woorde<br><br>Grootste skrif op die plakkaat<br><br>Leesbare skrif<br><br>Trek aandag |
| Liggaam | | 2 – 4 sinne met die boodskap<br><br>Skrif grootte kleiner as die opskrif<br><br>Wie is die leser?<br><br>Wat gebeur?<br><br>Waarom gebeur dit?<br><br>Wanneer gebeur dit?<br><br>Dit wek belangstelling<br><br>Illustrasie(s) dien ‘n doel |
| Kontakinligting | | Onderaan die plakkaat<br><br>Kontakbesonderhede van die instansie of skakelpersoon: selnommer, e-posadres, ens. |

Ontwerp nou jou plakkaat.